



Publication		
DIE BURGER		
Page	Date	AVE (ZAR)
6	Wed 08 Nov 2017	10802.36



46 wysigings aan Skolewet – ‘nie één vir beter onderrig’

Hannes Kruger

Die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys sal ouers van leerlinge minag, sê prof. Elda de Waal, onderwysregkenner van die Noordwes-Universiteit se Edu-HRight-navorsingsentiteit. “Daar is niks verkeerd met die huidige Skolewet nie. Dit is eintlik wetgewing om oor lirie te raak. “Die Skolewet is deur die ouers van hierdie land geskryf. Daar is na ouers in onder meer

landelike gebiede gereis en vir insette gevra. Daar is kragtens die huidige Skolewet ’n direkte vennootskap tussen die ouers en die departement van basiese onderwys,” sê De Waal. Die wysigingswetsontwerp, wat onlangs in die *Staatskoerant* gepubliseer is, bevat 46 klousules wat veranderinge aan die wetgewing voorstel. Dit sluit in dat beheerliggame nie meer ’n volle sê sal hê in aanstellings by skole nie. Daar word voorgestel dat alle beleid-

stukke, soos oor taal en toelating, wat deur die beheerliggaam bepaal word, eers deur die provinsiale onderwysdepartement goedgekeur moet word. De Waal sê sy is bekommerd dat ouers nie insette kon lewer nie. “Daar word in die wysigingswetsontwerp daarna verwys dat skoolorganisasies en vakbonde



Tim Gordon van die Beheerliggaamstigting van Suid-Afrika. Foto: ARGIEF

kennis gegee is, maar dit lyk of daar nie konsultasie was nie. Daar word net na ‘kennisgewing’ verwys en nie ‘konsulteer’ nie.” Dr. Jaco Deacon, adjunkhoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), sê kragtens klousule 41 sal alle onderwysers en hul lewensmaats hul

finansiële belange by die departement moet verklaar. Dit is kommerwekkend. “Dit sal mos nou direk inbreuk maak op die lewensmaats se reg op privaatheid. Hulle wil dit glo doen om korrupsie te bekamp. “Daar is sowat 380 000 onderwysers in die land. Wat gaan die departement met meer as 700 000 mense se verklaring van finansiële belange maak?” Volgens hom moet die departement fokus op dié wat finansiële tekenregte by skole het.

Tim Gordon, hoof van die Beheerliggaamstigting van Suid-Afrika, sê dit word wyd aanvaar dat die algemene toestand van onderrig in Suid-Afrika “ongesond” is. “Dit is argumentsonthalwe so dat byna 90% van die land se 24 000 skole wanfunksioneel is wat opvoedkunde betref en die stelsel benodig dringend opknapping. “Tog is daar 46 klousules in die wysigingswetsontwerp en nie ’n enkele een het ten doel

om die toestand van die onderrig en leer in ons skole te pak nie,” sê Gordon. Die publiek kan tot 10 November kommentaar op die wysigingswetsontwerp in te dien. De Waal moedig mense aan om dié geleentheid aan te gryp en op ’n rasonale, goed bewoorde en oortuigende manier kommentaar te lewer. ■ Kommentaar kan na adv. T.D. Rudman gestuur word by rudman.d@dbe.gov.za, of skakel 012 357 3856.